Keftriaksoon penetreer die ontsteekte meninges van pasgeborenes, babas en kinders. Konsentrasies van keftriaksoon oorskry 1,4 mg/l in die serebrospinale vloeistof (SSV) 24 uur na intraveneuse inspuiting van dosisse van 50 mg/kg in pasgeborenes tot 100 mg/kg in babas. Piekkonsentrasie in SSV met 'n gemiddeld van 18 mg/l word ongeveer 4 uur na intraveneuse inspuiting bereik.

Gemiddelde konsentrasies in die SSV is 17% van die plasmakonsentrasies in pasiënte met bakteriële meningitis en 4% in pasiënte met aseptiese meningitis.

Die gemiddelde waardes van maksimum konsentrasie in die plasma, eliminasiehalfleeftyd, plasma-opruiming en volume van verdeling na 'n intraveneuse dosis van 50 mg/kg en na 'n intraveneuse dosis van 75 mg/kg aan pediatriese pasiënte wat aan bakteriële meningitis ly, word in die tabel hieronder gegee.

*Gemiddelde farmakokinetiese parameters van keftriaksoon in pediatriese pasiënte met meningitis*

| | ***50 mg/kg IV*** | ***75 mg/kg IV*** |
|---|---|---|
| Maksimum plasmakonsentrasies (μg/ml) | 216 | 275 |
| Eliminasiehalfleeftyd (h) | 4,6 | 4,3 |
| Plasma-opruiming (ml/h/kg) | 49 | 60 |
| Volume van verdeling (ml/kg) | 338 | 373 |
| SSV-konsentrasie – ontsteekte breinvlies (μg/ml) | 5,6 | 6,4 |
| Gebied (μg/ml) | 1,3 to 18,5 | 1,3 to 44 |
| Tyd na dosering (h) | 3,7 (± 1,6) | 3,3 (± 1,4) |

Volwassenes

Tydens meningitis in volwassenes lei toediening van 50 mg/kg binne 2 tot 24 uur tot konsentrasies in die SSV van etlike kere hoër is as die minimum in vitro inhibisiekonsentrasie nodig vir die meeste algemene patogene wat meningitis veroorsaak.

Keftriaksoon kruis die plasentale skans en word in lae konsentrasies in borsmelk uitgeskei.

In gesonde jong volwasse vrywilligers is die totale opruiming uit die plasma 10 tot 22 ml/min.

Die opruiming deur die niere is 5-12 ml/min. 50 tot 60% van die keftriaksoon word onveranderd in die urien uitgeskei terwyl 40 – 50% onveranderd in die gal uitgeskei word. Die eliminasiehalfleeftyd in volwassenes is ongeveer 8 uur.

***Farmakokinetika in spesiale kliniese situasies***

*Pasgeborenes:*

Herwinning uit die urien bedra ongeveer 70% van die dosis.

*Babas jonger as agt dae en bejaarde persone ouer as 75 jaar:*

Die eliminasiehalfleeftyd is gewoonlik 2 tot 3 keer dié van jong volwassenes.

*Pasiënte met nier- of lewerdisfunksie:*

Die farmakokinetika van keftriaksoon verskil slegs minimaal en die eliminasiehalfleeftyd slegs effens langer.

*Slegs swak nierfunksie:*

Uitskeiding van keftriaksoon in die gal is hoër.

*Slegs swak lewerfunksie:*

Uitskeiding van keftriaksoon deur die niere is hoër.

***Mikro-organismes wat weerstandig teenoor keftriaksoon is***

Metisillienweerstandige *Staphylococcus*-spesies; *Enterococcus faecum; Listeria monocytogenes, Pseudomonas aeruginosa; Ureaplasma urealyticum; Mycoplasma-spesies; Mycobacterium-spesies;* sommige isolate van Bacteriodes-spesies (galsensitief); en die meeste stamme van Clostridium difficile

**INDIKASIES**

***SEFTRY is aangedui vir die behandeling van die volgende infeksies:***

Bakteriële septisemie veroorsaak deur:
Metisilliensensitiewe *Staphylococcus aureus* (MSSA), *Streptococcus pneumoniae, Haemophilus influenzae, Escherichia coli of Klebsiella pneumoniae.*

*Meningitis veroorsaak deur:*
*Haemophilus influenzae, Neisseria meningitides of Streptococcus pneumoniae.*

*Infeksies van die vel en velstrukture veroorsaak deur:*
*Escherichia coli, Klebsiella pneumoniae of Peptostreptococcus*-spesies.

*Infeksies van skeletbene en gewrigte veroorsaak deur:*
Metisilliensensitiewe *Staphylococcus aureus* (MSSA), *Streptococcus pyogenes, Streptococcus viridans-groep, Escherichia coli, Enterobacter cloacae, Klebsiella oxytoca, Klebsiella pneumoniae, Proteus mirabilis, Morganella morganii, Serratia marcescens of Peptostreptococcus*-spesies.

*Infeksies van skeletbene en gewrigte veroorsaak deur:*
Metisilliensensitiewe *Staphylococcus aureus (MSSA), Streptococcus pneumoniae, Escherichia coli, Proteus mirabilis, Klebsiella pneumoniae of Enterobacter-spesies.*
*Nier- en urienweginfeksies (gekompliseer en ongekompliseerd) veroorsaak deur:*
*Escherichia coli, Proteus mirabilis, Proteus vulgaris, Morganella morganii of Klebsiella pneumoniae.*

*Lugweginfeksies veroorsaak deur:*
*Streptococcus pneumoniae, metisilliensensitiewe Staphylococcus aureus* (MSSA), *Haemophilus influenzae, Haemophilus parainfluenzae, Klebsiella pneumoniae, Escherichia coli, Enterobacter aerogenes, Proteus mirabilis of Serratia marcescens.*

*Infeksies van die oor, neus en keel (akute bakteriële otitis media) veroorsaak deur:*
*Streptococcus pneumoniae, Haemophilus influenzae,* (waaronder stamme wat beta-laktamase produseer) *of Moraxella catarrhalis (waaronder stamme wat beta-laktamase produseer).*

*Ongekompliseerde gonorree (servikaal/uretraal en rektaal) veroorsaak deur:*
*Neisseria gonorrhoeae, waaronder stamme wat beta-laktamase produseer en die wat dit nie doen nie en faringeale gonorree veroorsaak deur stamme van Neisseria gonorrhoeae wat nie beta-laktamase produseer nie.*

*Peri-operatiewe profilakse van infeksie*

**KONTRA-INDIKASIES**

SEFTRY is teenaangedui vir pasiënte met bekende hipersensitiwiteit teenoor betalaktaamantibiotika. Vir pasiënte wat hipersensitief teenoor penisillien is, moet die moontlikheid van kruisreaksies in gedagte gehou word.

Pasgeborenes met hiperbilirubinemie, en veral vroeggeborenes, moet nie met SEFTRY behandel word nie. In vitro-studies het getoon dat keftriaksoon bilirubien uit serumalbumien verplaas en enkefalopatie vanweë bilirubien kan in pasiënte ontwikkel.

SEFTRY is teenaangedui vir:

- premature pasgeborenes tot 'n gekorrigeerde ouderdom van 41 weke (weke swangerskap + weke na geboorte)
- Pasgeborenes na volle termyn (tot 28 dae oud) met geelsug of hipoalbuminie of asidose omdat dit toestande is waartydens bilirubienbinding waarskynlik swak is
- Pasgeborenes na volle termyn (tot 28 dae oud) as hulle intraveneuse kalsium of kalsiumbevattende infusies nodig het (of vermoedelik nodig het) vanweë die risiko vir neerslag van kalsiumkeftriaksoon.

Teenaanduidings van lignokaïen moet voor intramuskulêre inspuiting van SEFTRY uitgesluit word as lignokaïen in die oplossing gebruik word.

**WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**

**SEFTRY moet nie vir pasiënte van enige ouderdom met enige kalsiumbevattende IV-oplossing gemeng of saam daarmee toegedien word nie en selfs nie deur ander infusielyne of op ander infusieplekke nie. SEFTRY en kalsiumbevattende IV-oplossings kan egter na mekaar aan pasiënte van enige ouderdom gegee word as die infusielyne by verskillende plekke gebruik word of as die infusielyne tussen infusies vervang of deeglik met fisiologiese soutoplossing gespoel word om neerslag te voorkom. Vir pasiënte wat kontinue infusie met oplossings met kalsium vir volle parenterale voeding (VPV) nodig het, kan die gesondheidskundige alternatiewe antibakteriële middels oorweeg wat nie 'n risiko vir neerslag het nie. As die gebruik van SEFTRY as nodig beskou word vir pasiënte wat kontinue voeding nodig het, kan oplossings vir VPV en SEFTRY saam gegee word, hoewel met verskillende infusielyne en op verskillende plekke. As alternatief kan infusie van die VPV tydens infusie van SEFTRY gestaak en die lyne tussen die infusietye deeglik gespoel word. Gevalle van dodelike reaksies met neerslag van kalsiumkeftriaksoon in die longe en niere van sowel premature as voltermyn-babas jonger as een maand is beskryf. In party gevalle het die infusielyne en toedieningstye van keftriaksoon en oplossings wat kalsium bevat, verskil. Daar is geen verslae in die beskikbare wetenskaplike data van bevestigde intravaskulêre neerslag in pasiënte, behalwe pasgeborenes, wat met SEFTRY en oplossings of enige ander produk wat kalsium bevat, behandel is nie. In vitro-studies het getoon dat pasgeborenes 'n hoër risiko vir die neerslag van kalsiumkeftriaksoon as ander ouderdomsgroepe het (kyk "Kontra-indikasies" en "Newe-effekte").**

**Moenie oplosmiddels wat kalsium bevat, soos Ringer of Hartman se oplossings, gebruik om SEFTRY aan te maak of om 'n aangemaakte flessie vir IV-infusie te verdun nie omdat 'n neerslag kan vorm. 'n Neerslag van kalsiumkeftriaksoon kan ook vorm as keftriaksoon in dieselfde IV-lyn as kalsiumbevattende oplossings gemeng word. Daarom moet keftriaksoon en oplossings wat kalsium bevat nie gemeng of saam toegedien word nie.**

***Interaksie met produkte wat kalsium bevat***

Daar is tot op datum geen verslae van intravaskulêre of pulmonêre neerslag in pasiënte, behalwe neonate, wat behandel is met keftriaksoon en intraveneuse oplossings wat kalsium bevat nie. Die teoretiese moontlikheid bestaan egter vir 'n interaksie tussen keftriaksoon en intraveneuse oplossings wat kalsium bevat in ander pasiënte as pasgeborenes. Daarom moet SEFTRY en oplossings wat kalsium bevat, waaronder kontinue kalsiumbevattende infusies soos aarvoeding, nie gemeng of saam aan enige pasiënt onafgesien van ouderdom toegedien word nie en selfs nie deur verskillende infusielyne by verskillende plekke nie. As 'n verdere teoretiese oorweging en gebaseer op 5 halfleeftye van keftriaksoon, moet SEFTRY en IV-oplossings wat kalsium bevat, nie binne 48 uur van mekaar aan enige pasiënt gegee word nie (sien "KONTRA-INDIKASIES" en "DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS").

Geen data oor die moontlike interaksie tussen keftriaksoon en orale produkte wat kalsium bevat of interaksie tussen intramuskulêre keftriaksoon en produkte wat kalsium bevat (IV of oraal), is beskikbaar nie.

***Spesiale voorsorgmaatreëls***

Pseudomembraanenterokolitis en versteurings in koagulasie is tydens gebruik van SEFTRY aangemeld. Dit is belangrik om pseudomembraanenterokolitis te oorweeg in pasiënte wat na toediening van SEFTRY diarree ontwikkel. Superinfeksies met nie-vatbare mikro-organismes kan voorkom.

Skadu's wat vir galstene aangesien is, is in sonogramme van die galblaas waargeneem en gewoonlik na dosisse hoër as die standaard aanbevole dosis.

Hierdie skaduwees is egter neerslag van kalsiumkeftriaksoon wat verdwyn na voltooiing of staking van SEFTRY. In simptomatiese gevalle word konserwatiewe nie-chirurgiese behandeling aanbeveel.

Gevalle van pankreatitis, moontlik vanweë obstruksie van die gal, is aangemeld in pasiënte wat met SEFTRY behandel is. Die meeste pasiënte wat pankreatitis ontwikkel het, het risikofaktore vanweë stase en neerslag in die gal, byvoorbeeld ernstige siekte en totale parenterale voeding gehad.

Keftriaksoon verplaas bilirubien uit serumalbumien.

**SEFTRY word nie aanbeveel vir gebruik in pasgeborenes (veral premature babas) wat 'n risiko het om enkefalopatie vanweë bilirubien te ontwikkel nie** (sien "KONTRA-INDIKASIES").

**Invloed op vermoë om motor te bestuur of masjinerie te gebruik**

Omdat SEFTRY soms duiseligheid veroorsaak kan dit die vermoë om 'n voertuig te bestuur of masjinerie te gebruik belemmer.

**INTERAKSIES**

Interaksies van SEFTRY met produkte wat kalsium bevat (sien WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS and DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS)

Geen agteruitgang in nierfunksie is na gelyktydige toediening van groot dosisse SEFTRYen kragtige diuretika (bv. furosemied) waargeneem nie. Daar is geen getuienis dat SEFTRY die toksisiteit van aminoglikosiede op die nier vererger nie.

Geen effek soortgelyk aan dié van disulfiraam is na inname van alkohol na toediening van SEFTRY waargeneem nie.

Keftriaksoon bevat nie 'n N-metieltiotetrasooleenheid wat moontlik onverdraagbaarheid teenoor alkohol of bloedingsprobleme van sekere ander kefalosporiene kan veroorsaak nie.

In 'n in *vitro*-studie is antagonistiese effekte met die kombinasie van chlooramfenikol en SEFTRY waargeneem.

Die uitskeiding van SEFTRY word nie deur probenesied beïnvloed nie.

SEFTRY kan die effektiwiteit van hormonale voorbehoedmiddels negatief beïnvloed. voorbehoedmiddels.

Dit is gevolglik raadsaam om tydens behandeling en in die maand daarna bykomende (nie-hormonale) voorbehoedmiddels te gebruik.

***Interaksies met laboratoriumtoetse***

Die Coombstoets en toetse vir galaktosemie kan in enkele gevalle vals-positief wees vir pasiënte wat met SEFTRY behandel word.

Nie-ensimatiese metodes vir die bepaling van glukose in die urien kan vals positiewe resultate gee.

**MENSLIKE VOORTPLANTING**

SEFTRY kruis die plasentale skans en word in borsmelk uitgeskei.

Die veiligheid tydens swangerskap en borsvoeding is nie bepaal nie.

**DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**

Moenie oplosmiddels wat kalsium bevat, soos Ringer of Hartman se oplossings, gebruik om SEFTRY aan te maak of om 'n aangemaakte flessie vir IV-infusie te verdun nie omdat 'n neerslag kan vorm.

'n Neerslag van kalsiumkeftriaksoon kan ook vorm as keftriaksoon in dieselfde IV-lyn as kalsiumbevattende oplossings gemeng word. Daarom moet keftriaksoon en oplossings wat kalsium bevat nie gemeng of saam toegedien word nie.

SEFTRY en oplossings wat kalsium bevat soos aarvoeding moet nie gemeng of saam aan enige pasiënt onafgesien van ouderdom toegedien word nie en selfs nie op verskillende infusietye by verskillende plekke nie (sien"KONTRA-INDIKASIES" en"WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS").

***Standaarddosis***

*Volwassenes en kinders ouer as 12 jaar*

Die gewone dosis is 1 tot 2 g SEFTRY een keer per dag. Vir ernstige gevalle of vir infeksies veroorsaak deur organismes wat net gedeeltelik sensitief is kan die dosis tot 4 g een keer per dag verhoog word.

*Pasgeborenes, babas en kinders tot 12 jaar*

Die volgende doseerskedules word aanbeveel vir toediening een keer per dag:

*Pasgeborenes (tot 14 dae)*

20 tot 50 mg/kg liggaamsmassa een keer per dag. Die daaglikse dosis moet nie 50 mg/kg oorskry nie. Dit is nie nodig om onderskeid te tref tussen premature en voltydbabas nie.

*Babas en kinders (15 dae tot 12 jaar)*

20 tot 80 mg/kg een keer per dag. Vir kinders met liggaamsmassa van 50 kg of meer moet die gewone volwasse dosis gebruik word. Intraveneuse dosisse van > 50 mg/kg liggaamsmassa moet per infusie oor ten minste 30 minute gegee word.

*Bejaarde pasiënte*

Geen aanpassing in die dosis vir bejaardes is nodig nie.

***Duur van behandeling***

Die duur van behandeling wissel afhangende van die verloop van die siekte. Toediening van SEFTRY moet vir 'n minimum van 48 tot 72 uur volgehou word nadat die pasiënt nie meer koorsig is nie of getuienis van bakteriële uitwissing verkry is.

***Spesiale doseerinstruksies***

*Meningitis*

Vir bakteriële meningitis in babas en kinders moet die behandeling met dosisse van 100 mg/kg een keer per dag begin (dit moet nie 4 g oorskry nie). Sodra die oorsakende organisme geïdentifiseer en die sensitiwiteit daarvan bepaal is, kan die dosis dienooreenkomstig aangepas word. Vir bakteriële meningitis in volwassenes is die aanbevole dosis 4 g een keer per dag.

*Gonorree*

Vir die behandeling van ongekompliseerde gonorree (deur sowel stamme wat beta-laktamase produseer as dié wat dit nie doen nie) word 'n enkele intramuskulêre dosis van 250 mg SEFTRY aanbeveel.

*Peri-operatiewe profilakse van infeksie*

'n Enkele dosis van 1 tot 2 g SEFTRY 30 tot 90 minute voor die operasie toegedien.
Vir kolorektale operasies is getoon dat toediening van SEFTRYmet of sonder 'n 5-nitro-imidasool, bv. metronidasool, effektief is (afsonderlike toediening: sien "Metode van Toediening").

*Swak nier- of lewerfunksie*

Dit is nie nodig om die dosis van SEFTRY te verminder vir pasiënte met swak nierfunksie nie op voorwaarde dat lewerfunksie ongeskonde is.

In gevalle van erge nierversaking (kreatinienopruiming < 10 ml/min) moet die dosis van SEFTRY nie 2 g per dag oorskry nie.

Dit is nie nodig om die dosis te verminder vir pasiënte met lewerskade nie op voorwaarde dat nierfunksie ongeskonde is.

***Metode van toediening***

SEFTRY moet voor gebruik aangemaak word. Aangemaakte oplossings behou hulle fisiese en chemiese stabiliteit vir 24 uur indien teen of benede 25°C gehou of 48 uur in die yskas by 2 tot 8 °C. As 'n algemene reël moet die oplossings egter onmiddellik na voorbereiding gebruik word. Die oplossings wissel in kleur van liggeel tot donkergeel afhangende van die konsentrasie en van hoe lank dit gestoor is. Die kleur van die oplossings is van geen betekenis vir die effektiwiteit of verdraagbaarheid van die medisyne nie.

*Intramuskulêre inspuiting:*

Vir IM-inspuiting word 1g SEFTRY in 3,5ml water vir inspuiting opgelos.
Intramuskulêre toediening van sekere kefalosporiene kan pyn by die plek van die inspuiting veroorsaak. Dit kan aansienlik verminder word deur toediening in kombinasie met 'n plaaslike verdower.

SEFTRY opgelos in 3,5 ml van 'n 1% lignokaïenoplossing in plaas van water vir inspuiting kan die pyn by die plek van die inspuiting verminder. Dit word aanbeveel dat nie meer as 1 g by een plek ingespuit word nie.

Aanmaak met 1% lignokaïen (sonder adrenalien) het geen effek op die absorpsie of die eliminasie van SEFTRY nie.

As lignokaïen as oplosmiddel gebruik word, moet SEFTRY-oplossings slegs intramuskulêr toegedien word.

**Die lignokaïenoplossing moet nooit intraveneus toegedien word nie.**

*Intraveneuse inspuiting*

Vir IV-inspuiting word 0,5 g SEFTRY in 5 ml en 1 g SEFTRY in 10 ml water vir inspuiting opgelos. Die intraveneuse toediening moet oor 2 tot 4 minute gegee word.

*Intraveneuse infusie*

Die infusie moet oor 'n periode van ten minste 30 minute gegee word. Vir IV-infusie word 2 g SEFTRY in ongeveer 40 ml van een van die volgende kalsiumvrye oplossings vir infusie opgelos:

- 0,9% natriumchloried
- 0,45% natriumchloried + 2,5% dekstrose
- 5% dekstrose
- 10 % dekstrose
- 6% dekstraan in 5% dekstrose
- 6 – 10% hidroksi-etielstysel vir infusie

Steriele water vir inspuiting

Vanweë moontlike onverenigbaarheid moet SEFTRY nie gemeng of toegedien word saam met oplossings wat ander antimikrobiese middels bevat of in oplossings anders as dié wat hier bo gelys is nie.

***Onverenigbaarhede***

SEFTRY moet nie gevoeg word by oplossings wat kalsium bevat, soos Hartman of Ringer se oplossings, nie en hierdie oplossings moet nie gebruik word om 'n aangemaakte flessie vir IV-infusie te verdun nie omdat 'n neerslag kan vorm. 'n Neerslag van kalsiumkeftriaksoon kan ook vorm as SEFTRY in dieselfde IV-lyn as kalsiumbevattende oplossings gemeng word.

SEFTRY moet nie toegedien word saam met IV-oplossings wat kalsium bevat nie, waaronder kontinue kalsiumbevattende infusies soos aarvoeding deur 'n Y-stuk nie. Vir pasiënte anders as pasgeborenes kan SEFTRY en kalsiumbevattende IV-oplossings egter na mekaar toegedien word as die infusielyne tussen infusies deeglik met 'n verenigbare vloeistof gespoel word. In vitro-studies met plasma van bloed uit die naelstring van die volwassene en die pasgeborene het getoon dat pasgeborenes 'n hoë risiko vir neerslag van kalsiumkeftriaksoon het.

SEFTRY is onverenigbaar met amsakrien, vankomisien, flukonasool en aminoglikosiede.

**NEWE-EFFEKTE**

*Gastro-intestinale stelsel*

Minder dikwels: Los stoelgang/diarree, naarheid, braking, stomatitis, glossitis en neerslag van kalsiumsoute van keftriaksoon in die galblaas is waargeneem en meesal in pasiënte wat met hoër dosisse as die aanbevole standaarddosis behandel is. In verkennende studies met kinders is 'n wisselende voorkoms van neerslag met intraveneuse toediening waargeneem en in party studies tot meer as 20%.
Dit lyk asof die voorkoms tydens stadige infusie (20 – 30 min) laer is. Hierdie effek is gewoonlik asimptomaties, maar in enkele gevalle het die neerslag met kliniese simptome soos pyn, naarheid en braking gepaardgegaan.
Simptomatiese behandeling word vir hierdie gevalle aanbeveel. Die neerslag klaar gewoonlik na staking van SEFTRY op.
Hoër vlakke lewerensieme, pseudomembraankolitis

*Hematologiese stelsel*

Minder dikwels: Eosinofilie, leukopenie, granulositopenie, hemolitiese anemie, trombositopenie. Enkele gevalle van agranulositose (< 500 mm3) is aangemeld en die meeste daarvan na totale dosisse van 20 g of meer.
Hematome of bloeding, limfopenie, verlenging van protrombientyd.

*Vel en aanhangsels*

Urtikarie, eksanteem, allergiese dermatitis, pruritus, edeem. Onbekende frekwensie: Geïsoleerde gevalle van ernstige nadelige reaksies op die vel (multivorme eriteem, Stevens-Johnsonsindroom of Lyell se sindroom/toksiese epidermale nekrolise) is aangemeld.

*Sentrale senustelsel*

Selde: Hoofpyn en duiseligheid.

*Urogenitale stelsel*

Selde: Oligurie, genitale mikose.
Gevalle van neerslag van die middel in die niere is aangemeld en meestal in kinders ouer as 3 jaar wat of met hoë daaglikse dosisse (bv. ≥ 80 mg/kg/dag) of totale dosisse meer as 10 g behandel is en wat met ander risiko faktore gepresenteer het (bv. beperkte vloeistofinname, kluistering aan die bed, ens.). Die risiko vir die vorming van 'n neerslag is hoër in immobiele of ontwaterde pasiënte. Dit kan simptomaties of asimptomaties wees, kan tot swak nierfunksie lei en is gewoonlik omkeerbaar na staking van SEFTRY.

*Hipersensitiwiteitsreaksies*

Selde: Anafilaktiese skok en anafilaktoïede reaksies, bv. brongospasma.

*Lokale reaksies*

Flebitiese reaksies kan na IV toediening voorkom. Dit kan deur stadige inspuiting (2 tot 4 minute) van die medisyne geminimaliseer word. Intramuskulêre inspuitings sonder lignokaïen is pynlik (sien "DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS").

*Ander*

Selde: Koors, vertigo, toename in serumkreatinien, bewerasie.
SEFTRY moet nie met oplossings of produkte wat kalsium bevat gemeng of saam toegedien word nie – selfs nie deur verskillende infusielyne nie.
Gevalle van erge en soms dodelike nadelige reaksies is beskryf in premature en voltermyn-babas (jonger as 28 dae) wat met intraveneuse SEFTRY en kalsium behandel is. Nadoodse ondersoeke het neerslag van die kalsiumsout van keftriaksoon in die longe en niere aangetoon.
Die hoë risiko vir neerslag in pasgeborenes is vanweë hulle klein bloedvolume en langer halfleeftyd van SEFTRY vergeleke met volwassenes.

**BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VIR DIE BEHANDELING DAARVAN**

Naarheid, braking en diarree kan in geval van oordosering voorkom. Die konsentrasie van SEFTRY in die serum kan nie deur hemodialise of peritoneale dialise verlaag word nie. Daar is geen spesifieke teenmiddel nie. Behandeling is simptomaties.

**IDENTIFIKASIE**

SEFTRY 0,5 g poeier vir oplossing vir inspuiting:
Wit tot gelerige poeier in 'n inspuitflessie van 10 of 15 ml van kleurlose glas met 'n grys rubberprop en aluminiumdoppie met 'n grys afwipseël
SEFTRY 1,0 g poeier vir oplossing vir inspuiting:
Wit tot gelerige poeier in 'n inspuitflessie van 15 ml van kleurlose glas met 'n grys rubberprop en aluminiumdoppie met 'n liglou afwipseël
SEFTRY 2,0 g poeier vir oplossing vir inspuiting:
Wit tot gelerige poeier in 'n inspuitflessie van 30 ml van kleurlose glas met 'n grys rubberprop en aluminiumdoppie met 'n oranje afwipseël
Na aanmaak word 'n geel tot bruin-geel helder oplossing verkry.

**AANBIEDING**

Pakke vir IM-, IV-inspuiting of vir IV-infusie wat die volgende bevat:
SEFTRY 0,5 g, 1,0 g en 2,0 g poeier vir oplossing vir inspuiting word in kartonne verpak wat 1 of 10 glasflessie met 'n enkele dosis bevat met 'n grys rubberprop en aluminiumdoppie met 'n afwipseël.

**BEWARINGSINSTRUKSIES**

Berg in die oorspronklike verpakking (in die karton) teen of benede 25 °C en beskerm die flessies teen lig.

Die aangemaakte oplossing moet onmiddellik gebruik word, maar die oplossing kan vir 48 uur in die oorspronklike flessies in die yskas teen 2 tot 8 °C of vir 24 uur teen of benede 25 °C gebêre word.

Gooi alle oorblywende oplossing na gebruik weg.

HOU BUITE DIE BEREIK VAN KINDERS.

**Registrasienommers**

SEFTRY 0,5 g: 41/20.1.1/0869
SEFTRY 1,0 g: 41/20.1.1/0870
SEFTRY 2,0 g: 41/20.1.1/0871

**NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT**

Oethmaan Biosims (Pty) Ltd
14 Komatie Road, Emmarentia
Johannesburg 2195

**DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET**

25 November 2011

1220707-V1